

# Finansiële Verslag - FY2012 (1 November 2011 - 30 November 2012)

25 November 2012

09:19 PM


Dankie aan ons getroue lede wat weereens hulle steun gegee het. Die wettigheid van julle Lidmaatskap aan die Uilenkraalsmond Kampvereniging word erken en waardeer. Dit was vir my 'n goeie teken om te sien daar is nog soveel eienaars wat hulle belange op Uilenkraalsmond wil beskerm en saam met ons hierdie saak wil voortsit. Al kan sommige van julle nie fisies by die Kampkomitee betrokke wees nie, kan julle nogsteeds hulle steun gee en 'n Lid word van die Kampvereniging deur julle R100de te betaal en sodoende julle stemme laat hoor.

Hierdie jaar was dit nie nodig om te veel uitgawes aan te gaan nie. Die Kampkomitee doen hulle werk vrywilliglik en vra geen vergoeding nie en daarom was ons vergaderings en kommunikasie ook nie 'n groot las op die finansies nie. Daar was slegs voorsiening gemaak vir een dringende vergadering wat met die ODM belê was en meeste van die tyd eis ons Komitee lede nie eens hulle onkoste nie. Dit behoort vir julle 'n goeie indikasie te gee hoe belangrik hierdie Uilenkraalsmond-saak vir ons Kampkomitee-lede is. Daar is min mense wat deesdae sonder vergoeding vir jou iets sal doen, indien enige.

Ek doen 'n beroep aan almal wat 'n woonplek op Uilenkraalsmond het om hulle stemme te laat hoor op die Algemene Jaarvergadering en ook hulle bydraes te lewer sodat ons 100% steun van ons Lede kan kry en nie net 'n skale 55% nie.

Betalings vir 2013 kan weereens by julle Wyksverteenvoerders inbetaal word, of by die Algemene Jaarvergadering en indien dit nie moontlik is nie, kan u 'n deposito of EFT / EFO maak in ons Spaarrekening no. **9092418319; ABSA Bank**. (Skryf asb u plot nommer, voorletter en van as verwysing - sodoende weet ek wie die inbetaling gemaak het.)

<b>R 100.00 Ledegeld 2012</b>		
<b>GETAL PLOTTE</b>	<b>BETAAL</b>	<b>PERSENTASIE</b>
<b>572</b>	<b>315</b>	<b>55%</b>



<b><u>Beleggingsrekening 2011 / 2012 - 9093961478</u></b>			
<b>Beskrywing</b>	<b>Inkomste 2010/2011</b>	<b>Uitgawes 2010/2011</b>	<b>Saldo</b>
<i>Saldo oorgedra 01/12/2011:</i>			<b>44267.50</b>
Totale Krediet rente	1074.21		45341.71

Totale Ledegeld ontvang	200.00		45541.71
<b>Saldo 21/11/2012:</b>			<b><u>45541.71</u></b>
<b>Totale inkomste - Beleggingsrekening</b>	<b>1,274.21</b>		

<b><u>Uilenkraalsmond Spaarrekening 2011 / 2012 - 9092418319</u></b>			
<b>Beskrywing</b>	<b>Inkomste 2011/2012</b>	<b>Uitgawes 2011/2012</b>	<b>Saldo</b>
<b>Saldo oorgedra 30/11/2011:</b>			<b>41,276.35</b>
Bankkoste		1,648.64	
Betaal Gansbaai Koerant		3,786.83	
Betaal Kasboek R500 (Barnie)		500.00	
Betaal Morkel & De Villiers (Trust-Prokureur)		1,468.00	
Betaal Buurtwag (Donasie 3 x maande)		2,260.00	
Betaal Prokureur: Johan Du Plessis (JP253/12)		2,878.50	
Ledegeld Internet deposito's	1,320.00		
Advertensiegelde ontvang	2,560.00		
Ledegeld ontvang - Wyke	29,170.00		
Rente verdien	129.37		
<b>Saldo soos op 21/11/2012</b>			<b><u>61,913.75</u></b>
<b>Totale inkomste &amp; Uitgawes - Spaarrekening</b>	<b>33,179.37</b>	<b>12,541.97</b>	

Baie dankie vir u ondersteuning.

'n Geseende Kersfees aan al ons lede, hulle families en vriende wat saam met ons op Uilenkraalsmond vakansie hou. Geniet dit, reis veilig en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar vir almal.

Vriendelike Groete,

Tesourier - Uilenkraalsmond Kampkomitee  
Nadia Gresse  
Sel no. 082 807 5510